**Skriflesing**
Nehemia 8:1-13
**Tema**
God wil elke dag met ons gesels.

Nehemia word in Persiese ballingskap deur die Here geroep om Jerusalem te gaan herbou. Hy en die volk gehoorsaam en ten spyte van baie teenstand, word die werk in ‘n rekordtyd afgehandel.

Die volk is in die tyd van Nehemia 8 weer redelik gevestig in die land. Hulle moet ook geestelik herbou word. Hulle kom op die eerste dag van die 7de maand bymekaar op die plein voor die Waterpoort om na die wetboek van die Here te luister.
Hierdie byeenkoms vind plaas in die jaar 458vC, meer as 2500 jaar gelede. Dit gee my koue rillings wanneer ons vanoggend weer so om die Woord van die Here bymekaarkom.

En steeds is die Woord altyd vars en nuut. Hier is ‘n klomp goed wat ons nie moet mislees nie.

Op die eerste dag van die 7de maand het die volk gebruiklik Nuwejaarsfees gevier. Dit was ‘n rus- en gedenkdag.

Hulle kom bymekaar op die plein voor die Waterpoort. Ná die herbou van die tempel, waarom het die voorlesing van die Wet nie by die tempel plaasvind nie?
Waarskynlik omdat die wet vir “die hele volk”, bedoel is. Nie langer is die wet eksklusief die domein van manlike priesters nie, maar word dit doelbewus aan “die hele volk”, wat vroue en kinders insluit, voorgelees.

Hierdie geleentheid was ‘n behoefte van die volk. Hulle het gevra dat die wetboek van die Here gebring moet word. Die wetboek was waarskynlik wetlike gedeeltes uit die eerste 5 boeke van die Bybel.

Hoe praat God uit die Woord?
‘n Bybel op jou boekrak beteken niks. Esra het die Bybel oopgemaak. Vandag steeds staan die Bybel sentraal in God se gesels met ons. Enige ander Bybelstudie- of kategesemateriaal is slegs hulpmiddels.

En kyk dan na die volk se verskillende gepaste reaksies op die lees van die Bybel:
Toe Esra dit oopmaak, het die hele gemeente uit respek opgestaan.

Hulle prys die Here.
Esra het die Here, die grote God, geprys en die hele gemeente het met die hande omhoog geantwoord: “Amen, amen.” Daardeur bevestig die volk dat die Woord seker en waar is.

In eerbied en ontsag kniel hulle en buig in aanbidding laag voor die Here.

Esra het die Wetboek vir ongeveer 6 ure gelees. Die aandag van die hele gemeente was by die wetboek.

Die Leviete, tempelpersoneel uit stam v Levi het die wet aan die gemeente **verduidelik.** Hulle het uit die boek, uit die wet van God, voorgelees en dit **uitgelê.** Hulle het **onderrig.** Hulle het die **betekenis weergegee** sodat die mense kon **verstaan** wat gelees word.
Hulle het waarskynlik die gedeelte wat in Hebreeus gelees was onder andere na die spreektaal, Aramees, vertaal.

Die Bybel is vandag steeds nie altyd maklik om te verstaan nie. Watter hulpmiddels het ons?

Die 13 Leviete het waarskynlik met kleiner groepe mense gewerk. So kan ons mekaar steeds in kleingroepe en by kategese help om die Bybel beter te verstaan.

Daar is ook baie verskillende soorte Bybels wat ons kan help met die verstaan van die Bybel. Onder hierdie Bybels is: Die Boodskap – die Bybel in hedendaagse Afrikaans, die Verklarende Bybel en die Bybel in Praktyk.
Op hierdie stadium kan ek regtig die Eenvolume Kommentaar aanbeveel as ‘n wonderlike hulpmiddel om die Bybel beter te verstaan.

Dan het ons as dominees ook die wonderlike voorreg ombedienaars van die Woord te wees en poog ons om by elke geleentheid die Woord verstaanbaar toe te pas vir ons lewens vandag.

Ons sien ook dat ons nie die Bybel soos ‘n boek in die vakansie mag lees en toemaak, wegsit en dan is ons klaar nie.

Ons moet na die Bybel luister en daaruit leer. Deur die Woord en Gees verander God my lewe. In die gelese gedeelte staan 2 dinge vir my uit:

Jerusalem is herstel, maar God se volk is steeds onderdane van die Persiese Ryk.
‘n Belangrike en dringende vraag wat hulle kwel is of die God van Israel steeds by hulle teenwoordig is en hoe Hy teenwoordig is?
Hierdie vraag word reeds beantwoord wanneer daar in Nehemia 8:7 na hul Verbondsgod verwys word as “Here, die grote God” Al lyk dit nie so nie, Hy is by ons en in beheer.

Wanneer die volk die wet van God hoor, is hulle diep geraak. Die hele volk is treurig en het gehuil. Die meeste van hulle het die Woord 140 jaar gelede gehoor voor hulle in ballingskap weggevoer is. Hulle is pynlik bewus van hulle eie oortredings. Hulle het toe al nie volgens die wet geleef nie en God het hulle gestraf.

Maar ons leer in die Bybel ook van ‘n nuwe begin. Ons leer van die Here se sorg en liefde en dit verander ons lewens. Ons dink soms mense van die Woord moet suurgesig pretbederwers wees wat sonder enige vreugde lewe.

Nehemia, Esra en die Leviete roep die hele gemeente in Neh 8:10b-13 op tot nuwe vreugde in die Here:
“Hierdie dag word gewy aan die Here julle God. Moenie treurig wees nie, moenie huil nie.”
“Gaan vier fees, eet en drink, en deel uit aan dié wat niks voorberei het nie. Hierdie dag

word gewy aan ons Here. Moenie bedroef wees nie; as julle die Here met blydskap dien, sal Hy julle beskerm."
"Wees rustig. Dit is 'n gewyde dag, moenie bedroef wees nie."

Die hele gemeente het toe gaan eet, lekkernye uitgedeel en groot feesgevier. Hulle het goed begryp wat vir hulle gesê is.

Vandag, 23 Januarie 2022, 2 500 jaar later, wil God Hom steeds aan ons kom bekendstel.
Hy wil steeds met elkeen van ons uit sy Woord gesels.
Kom ons gee Hom die geleentheid.
Maak elke dag sy Woord oop, luister, leer, wees in geloof vormbaar, dien Hom met blydskap en gaan leef in sy vreugde.
Amen